# Hoofstuk van die dag: 2 Tessalonisense 3

> *Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus! (vers 5)*

Paulus skryf aan mense wat vervolg word. Die bose is listig, maar, bemoedig hy hulle, die Here is getrou en Hy sal hulle

bewaar (vers3). Dan bid hy vir die gemeente te midde van hulle vervolging. Hy bid dat die Here hulle gedagtes sal rig op die liefde van God en die volharding van Christus.
Wanneer dit moeilik gaan, is dit maklik om jou blind te staan teen die probleme wat jy ervaar: die bose, die vervolgers en verkeerde en slegte mense (vers 2). Dan kan jy moedeloos raak, soos Elia destyds, wat onder 'n besembos gaan lê het en gewens het hy was dood (1 Kon 19:3-4). Daarom bid Paulus dat die Here hulle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus. As jy verstaan dat God jou liefhet en vir jou omgee, kan jy aangaan. As jy Christus se volharding in die oog het, kan jy ook volhard (vgl Heb 12:1-3). Want dan ontdek jy dat jy deur jou swaar deel het aan Christus en sy lyding, en word sý oorwinning ook joune.

*Naskrif:* Môre begin ons DV lees aan die boek Maleagi.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026